



# Perspektief | Perspective

Nuusbrief | Newsletter

12/04/2013 WEEK 15 - 2013

KLIK HIER VIR DIE AFRIKAANSE WEERGAWE

CLICK HERE FOR THE ENGLISH VERSION

## In hierdie uitgawe...

- [Pasop vir graandiefstal](#)
- [Springhaasrotsiklusse verander drasties](#)
- [Oeskattingsvraelyste vir April 2013 dalk steeds op pad](#)
- [Regering verskaf hulp met kommandowurms](#)
- [Beheer van kommandowurms](#)
- [Kunsmisprysverwagtinge vir Mei vanjaar](#)
- [Brandstofpryse vir Mei 2013](#)

## Pasop vir graandiefstal

**Jannie de Villiers (Uitvoerende Hoofbestuurder, Graan SA)**

»Dit het onlangs bekend geraak dat sindikate betrokke is by die diefstal van graan op plase. Produisente moet dus veral tydens strooptyd op die uitkyk en versigtig wees vir die diefstal van graan direk van plase af.

Hierdie sindikate slaan veral toe waar van kontrakteurs gebruikgemaak word om graan weg te ry. Die gebruik van vals nommerplate en vervalste rybewyse is aan die orde van die dag.

Gevalle is selfs gekry waar produsente se eie stropers, waar dit in die lande oornag, gebruik word om graan te stroop en in 'n voertuig ingetap en weggeery word. Dieselfde gebeur ook waar vol waens oornag by lande gelos word.

[Terug na bo](#)

## Springhaasrotsiklusse verander drasties

**Frikkie Kirsten (LNR-NIPB, Pretoria)**

»In die verlede was springhaasrot-uitbrake in die somerreëvalstreek siklies van aard, met hoë bevolkingsdigtheid wat normaalweg nie langer as twee agtereenvolgende plantseisoene geduur het nie.

Vir die afgelope vyf tot ses jaar het hierdie patroon egter drasties verander met 'n toename in rotbevolkings asook 'n ongekende skadetoename gedurende en kort ná planttyd. Die redes vir die hoë rotbevolkings is nie voor die hand liggend nie. Een moontlike rede is warm, nat lentes, wat 'n verlenging van die broeiseisoen tot gevolg het asook 'n toename in beskikbare voedselbronne. Nog 'n moontlike rede is die toename in verminderde of geenbewerking, wat die rotbevolking bevoordeel deurdat dit skuiling en kosvoorraad vir die rotte vermeerder.

Engelukkig is daar nog geen werklike wenresep vir die volhoubare beheer van die rotte nie, maar die wintermaande, voor oes, wanneer die rotte op hul kwesbaarste is, skeep 'n gunstige geleentheid om bestaande springhaasrot-kolonies in lande, wenakkers en kontoerwalle 'n knou toe te dien. Dit kan gedoen word deur tonneltoediening van geregistreerde lokaas of berokingspille. Vir tonneltoediening moet daarop gelet word om die lokaas/berokingspille so diep as moontlik in aktiewe rotgate te plaas en die gat dan toe te trap. Hierdie proses moet vir minstens drie aaneenlopende dae herhaal word en 'n tweede toeding moet ses of sewe dae, ná eerste behandeling, gedoen word.

[Terug na bo](#)

## Oeskattingsvraelyste vir April 2013 dalk steeds op pad

**Rona Beukes (Oeskattingskomitee)**

»Hoewel die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye reeds hul Oeskattingsvraelyste vir April 2013 aan 'n steekproef van produsente gepos het, kan dit moontlik dalk 'n rukkie duur voordat produsente hul vraelyste ontvang en/of

betyds terugstuur aan die departement. 'n Moontlike rede kan die afgelope poskantoorstaking wees, wat posaflewering oral in die land negatief geraak het.

As voorsorgmaatreeël en om te help dat die departement die vraelyste betyds terug ontvang voor die volgende Oesskattingvergadering wat vir 25 April 2013 geskeduleer is, het die departement dit goedgevind om produsente te versoek om eerder hul voltooide vraelyste vir Aprilmaand met een van die volgende metodes indien moontlik terug te stuur:

Per faks na (012) 319-8035/1; of per e-pos na [RonaB@daff.gov.za](mailto:RonaB@daff.gov.za).

Hou asseblief in gedagte dat produsente se inligting 'n baie belangrike rol speel in die bepaling van 'n oesskatting. Dus vertrou ons dat produsente die departement behulpsaam sal wees in die uitvoering van hierdie belangrike taak.

Baie dankie vir jou getroue deelname en ondersteuning.

[Terug na bo](#)

---

## **Regering verskaf hulp met kommandowurms**

***Petru Fourie (ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)***

»Alhoewel kommandowurms nog nie as 'n erkende landbouplaag verklaar is nie (hoofsaaklik omdat dit net een keer in 10 jaar voorkom) is die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DAFF) intussen deur georganiseerde landbou genader om dit wel as 'n erkende plaag in Suid-Afrika te verklaar.

Graan SA het die erns van die saak tydens die hersiening van die Wet op Peste en Plae se werkswinkel ingedra en verdere gesprekkevoering gaan tussen Graan SA en direkteur binne die DAFF (Plantbeskerming en Rampbestuur) gevoer word om kommandowurms op die *National pests of concern*-lys te kry sowel as om die lys op te dateer met byvoorbeeld springhaasrotte en ander probleempeste.

Die regering het bekend gemaak dat hulle met die tweede plaag Afrika-kommandowurms wat uitbreek het, gaan ingryp en produsente met die bestryding daarvan gaan help. Die DAFF verskaf die gif en spuitpompe, maar sal dit slegs aan produsente oorhandig as daar opleiding gegee is. Indien produsente kommandowurmprobleme ondervind, kan hulle John Tladi se kantoor, wat in beheer is van peste en migrerende plae, by (012) 309-5743 skakel.

[Terug na bo](#)

---

## **Beheer van kommandowurms**

***(Margaret Kieser, Landbounavorsingsraad - LNR)***

»Indien die larwes (wurms) in 'n vroeë stadium van ontwikkeling (minder as 15 mm in lengte) waargeneem word, kan hul maklik met insekdoders beheer word. Verskeie insekdoders is geregistreer om teen kommandowurm-infestaties in weidingsveld (NDLBV-gids vir die beheer van plantpeste) aangewend te word. Ons sal waarskynlik of Decis EC 2,5 g/liter (toegedien teen 250 ml/ha) of Cypermethrin 20 EC (toegedien teen 150 ml/ha) aanbeveel, aangesien dié produkte gereedlik beskikbaar is en met water vermeng word en met 'n rugsaksproeier toegedien word. Aangesien grootskaalse kommandowurm-uitbrake dikwels honderde hektare dek, sal dit duur wees om selfs dié produkte oor groot areas te sproei. Enige larwe wat groter as 2 cm is, is naby die verpopingstadium en besproeiing mag dalk nie effektief wees nie.

'n Meer omgewingsvriendelike metode van beheer vir die produsent is om 'n diep sloot "voor" die rigting waarin die larwes beweeg, te grawe. Die larwes sal in die sloot val en nie daartoe in staat wees om uit te klim nie en 'n dun laagie Cypermethrin kan aan die onderkant van die sloot gestrooi word of die sloot kan weer toegegooi word.

Daar is egter 'n spesifieke probleem waarop daar klem gelê moet word. Indien Afrikakommandowurms in kikuyu-weiding geïdentifiseer word, moet produsente onmiddellik enige lewende hawe vanaf die weiding verwyder. Navorsing wat in KwaZulu-Natal onderneem is, het aangetoon dat wanneer die kommandowurmlarwes die kikuyu-gras vreet daar 'n gifstof deur die gras vrystel word, wat indien dit deur die lewende hawe gevreet word, tot sterftes kan lei. Die lewende hawe moet ook nie voor die verloop van 30 - 40 dae na die kikuyu-weiding terugkeer nie. Simptome in lewende hawe kan tien dae nadat weiding op kommandowurm-geïnvesteerde kikuyu plaasgevind het, te voorskyn kom en hierdie simptome kan probleme met sluk, stringe speeksel wat by die mond uithang, uiterste dors en buikswelling insluit. Indien dié simptome waargeneem word moet produsente dadelik die plaaslike veearts kontak. Margaret Kieser van die LNR kan vir meer inligting by (012) 356-9818 gekontak word.

[Terug na bo](#)

---

## **Kunsmisprysverwagtinge vir Mei vanjaar**

***Corné Louw (senior ekonoom, Bedryfsdienste, Graan SA)***

»Die prysverwagtinge vir kunsmis vir Mei 2013 sien soos volg daar uit:

### **Ammoniak**

- Markverwagting is stabiel tot afwaarts in die kort termyn.

## Ureum

- Markverwagting is afwaarts in die kort termyn.

## Fosfate

- Die vraag na fosfate is sterk, veral vanaf Brasilië en Indië. Markverwagting in die kort termyn is stabiel tot opwaarts – VSA mark moet nog inskop.

## Kaliumchloried

- Markverwagting is stabiel in die kort termyn.

Internasionale kunsmisprystendense kan met 'n redelike akkuraatheid gebruik word om veranderings in plaaslike kunsmispryse te voorspel. Vanaf Maart 2013 tot 4 April 2013 is gesien dat internasionale kunsmispryse soos volg verander het (Tabel 1):

Tabel 1: Gemiddelde internasionale kunsmispryse (dollarwaarde).

Kunsmis	Maart 2013	4 April 2013	% verandering
	dollar/ton	dollar/ton	%
Ammoniak (Midde-Ooste)	553	548	-0,9%
Ureum (46) (Oos-Europa)	415	398	-4,1%
DAP (VSA Golf)	469	469	0,0%
Kaliumchloried (CIS)	413	415	+0,5%
R/\$-wisselkoers	9,17	9,16	-0,1%

Tabel 2 toon die internasionale kunsmisprysbewegings in randterme aan. Uit die tabel kan gesien word dat die internasionale prys van ureum gedurende die afgelope week gedaal het, terwyl die prys van die ander grondstowwe feitlik sywaarts beweeg het. Sou hierdie tendens vir die res van April aanhou, kan verwag word dat die prys van die meeste plaaslike kunsmisprodukte sywaarts kan beweeg, terwyl 'n daling in die prys van ureum verwag kan word.

Tabel 2: Gemiddelde internasionale kunsmispryse (randwaarde).

Kunsmis	Maart 2013	4 April 2013	% verandering
	rand/ton	rand/ton	%
Ammoniak (Midde-Ooste)	5 069	5 015	-1,1%
Ureum (46) (Oos-Europa)	3 809	3 641	-4,4%
DAP (VSA Golf)	4 307	4 291	-0,4%
Kaliumchloried (CIS)	3 789	3 801	-0,3%

## Historiese kunsmisprysstatistiek

Tabel 3 en 4 dui aan wat met internasionale kunsmispryse in dollar- en in randterme oor 'n jaartydperk gebeur het.

Tabel 3: Gemiddelde internasionale kunsmispryse (dollarwaarde).

Kunsmis	Maart 2012	Maart 2013	% verandering
	dollar/ton	dollar/ton	%
Ammoniak (Midde-Ooste)	364	553	+51,9%
Ureum (46) (Oos-Europa)	444	415	-6,5%
DAP (VSA Golf)	501	469	-6,4%
Kaliumchloried (CIS)	473	413	-12,7%
R/\$-wisselkoers	7,595	9,175	+20,8%

Tabel 4: Gemiddelde internasionale kunsmispryse (randwaarde).

Kunsmis	Maart 2012	Maart 2013	% verandering
	rand/ton	rand/ton	%
Ammoniak (Midde-Ooste)	2 765	5 069	+83,3%
Ureum (46) (Oos-Europa)	3 375	3 809	+12,9%
DAP (VSA Golf)	3 807	4 307	+13,1%
Kaliumchloried (CIS)	3 594	3 789	+5,4%

Tabel 5 toon aan wat oor 'n jaartydperk met plaaslike kunsmispryse gebeur het. Behalwe vir die prys van KAN, het plaaslike prysveranderinge goed gekorreleer met internasionale prysveranderinge oor 'n jaartydperk. Die tendens by KAN is egter verwag, omdat KAN in die plaaslike mark direk met ureum kompeteer.

Tabel 5: Gemiddelde plaaslike kunsmispryse.

Kunsmis	April 2012	April 2013	% verandering
	rand/ton	rand/ton	%
KAN (28)	4 379	5 518	+26,0%
Ureum (46)	5 647	6 456	+14,3%
MAP	6 676	7 456	+11,7%
Kaliumchloried	6 574	7 041	+7,1%

[Terug na bo](#)

## Brandstofpryse vir Mei 2013

*Petru Fourie (ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*

» Volgens die jongste inligting van die Sentrale Energiefonds, kan die petrolprys op 1 Mei 2013 met 49 sent per liter en die dieselprys met 35 sent per liter **DAAL**.

Dié verwagte dalings is grootliks as gevolg van die olieprys wat vanaf 'n gemiddeld van \$109,40 per vat in Maart tot 'n gemiddeld van \$107,43 per vat in April tot op datum gedaal het. Die rand het gedurende dieselfde tydperk met 0,2% verswak, wat groter verwagte dalings in brandstofpryse gedemp het.

[Terug na bo](#)

### GRAAN SA • GRAIN SA

Posbus 74087 • PO Box 74087

Lynnwood Ridge 0040



+27 (012) 807-6023



[www.grainsa.co.za](http://www.grainsa.co.za)



+27 (012) 807-3166



[philip@grainsa.co.za](mailto:philip@grainsa.co.za)

Subskripsie-navrae/Subscription enquiries: [philip@grainsa.co.za](mailto:philip@grainsa.co.za)